
# Tjokkie WEEKBLAD

30 Augustus 2024 Uitgawe: 8/3/2024

## UIT DIE KANTOOR



Ek merk 'n vrolikheid op onder ons leerders en personeel en die rede - "*Want dis lente!*" In my binneste is ek baie bly, want ek hou nie van koudkry nie.

Alhoewel dit eintlik eers Sondag die 1ste September is, vier ons Tjokkies dit reeds vandag met 'n suigstokkiedag.

Baie dankie aan die leerders en ouers van die leerderraad wat die terrein so pragtig kom verfraai het om ons in die gees van lente te kry. Gewoonlik reën dit op hierdie dag, maar vanjaar kan ons lekker die lenteweer geniet.

**Sportseisoen:**

Ons het hierdie week klaar gemaak met die hokkieseisoen, ek wil graag die ouers bedank vir hul geduld deur die seisoen. Dit was weereens 'n uitdagende seisoen, veral rondom vervoer en velde waarop ons moes oefen en speel. Dankie aan juff. Mariandel en Ursula wat moes "ma" staan vir al die reëlings. Dankie dat u ook u kind getrou ondersteun het deur die seisoen.

Baie geluk aan ons eerste seuns tennisspan wat die afgelope naweek hul toernooi in Cradock gewen het. Dit is 'n baie groot prestasie waarop ons baie trots is.

Geluk aan die o/12A netbalspan wat verlede naweek die "Hoops Netball Fast 5" toernooi by Fichardtpark Primêre Skool gewen het. Die o/11A 7's rugbyspan het ook as wenners van hul afdeling uit die stryd getree. Dit was 'n baie goeie naweek vir Tjokkies op verskeie terreine gewees waarvoor ons ons Hemelse Vader baie dankbaar is.

**Knipmesbraai:**

Wat 'n heerlike lekker kuieraand was dit nie. Baie dankie aan al die pa's en vriende wat dit ondersteun het. Dit was 'n groot sukses en almal sien uit na 2025 se knipmesbraai, iets besonders waarmee Tjokkies nou begin het.

Groot dank ook aan mnre. Stian Janse van Rensburg, Michiel Odendaal en Andries Strauss vir die voorvat met hierdie reëlings. Dankie aan die pa's wat as gashere opgetree het en hul spitbraai vernuf kom ten toon stel het. Manne, dis 'n voorreg!

**Fotodag:**

Op 17/18 September word ons jaarlikse sport- en kultuurfoto's geneem. Leerders word in hulle sportdrag afgeneem en ouers kan foto's op Karri bestel.

**Let asb. daarop dat die bestelling van die foto's eers na afhandeling van die neem van foto's gedoen gaan word en nie voor die tyd soos in die verlede nie. Dit is om te verhoed dat ouers foto's bestel waarop hul kind nie verskyn nie.**

## ANDER


Neem asb. kennis dat ek en mnr. Hennie Botha volgende week uitstedig sal wees weens die Hoofde-kongres wat in Port Elizabeth aangebied word. In ons afwesigheid sal mnr. Nicolaas Slabbert waarneem indien daar dringende sake is wat hanteer moet word.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 30 Aug.: | Lentedag |
| 31 Aug.: | Mangaung Krieket (enkele spelers) |
| 30 Aug. – 1 Sept.: | Voortrekkers PD Voorslageksamen en kamp |
| 6 Sept.: | Koortoer na Bethlehem |
| | Tjokkies Pre-Primêr verwelkoming van 2025 kleuters |

## VERJAARSDAE

30 Aug.: Mnr. Nicolaas Slabbert (Gr. 7)



## UITSLAE

**Public Speaking**

Ons was vanjaar weer genooi om aan OMS se "public speaking" deel te neem. Ons sprekers het almal uitstekende toesprake gelewer.

In die Gr. 6-7 kategorie het Emma Groenewald (Gr. 6) 'n eerste plek behaal en Pieter Viviers (Gr. 7) 'n derde plek.



# Skaak uitslae 2024

**SKAAKLIGA**

Baie geluk aan die skaakspelers met die mooi uitslae van die jaar se liga.

**Novice Liga**

A-span : 1ste in liga

B-span : 3de in liga

**87/**

Timmy Naudé, Evan Bosch, Eben Helberg, Lemé Coetzee, Gustav Duvenhage, Gerhard Fouché

**Junior Liga**

A-span : 2de in Liga

B-span : 3de in liga

**Bordwenners**

FP Jacobs, Kobus Helberg, Jeanri Wilson, Kai Victor, Martin Schwella

**Senior Liga**

A-span : 1ste in die liga

**Bordwenners**

Calem du Toit, Rugard van Wyk, SB Bosch

**BLITSSKAAK TOERNOOI**

**Senior Spanne**

A-span : 2de in toernooi

**Junior spanne**

A-span : 2de in toernooi

B-span : 3de in toernooi

## Rivista Kompetisie

Ritmegroep verower silwer

Pom-poms verower goud



# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Knipmesbraai – Baie dankie aan al ons borge en ons ondersteuners van hierdie aand.  Die vreugdevure het hoog gebrand, die musiek was heerlik en ons kon die Tjokkie-hartklop aanvoel.





# VAN DIE MAMMAS WAT BID

Vandag vier ons Lentedag by Tjokkies met die tema: **Tjokkies Blom in Volkleur.**

In my geestesoog sien en ‘n see van glimlaggende Tjokkies van verskillende groottes, persoonlikhede, humorsin, belangstellings en talente. Elkeen geskep met unieke karaktereienskappe om te bied tot verheerliking van Sy naam. Dit herinner my aan die kosbare teks in Psalm 139:13-15 wat lui:

“13 Dit is immers U wat my niere geskep het, my in die moederskoot geweef het. 14 Ek prys U omdat ek op 'n ontsagwekkende, wonderbaarlike wyse gemaak is. Wonderbaarlik is u werke en ek besef dit maar te goed.15 My skelet was nie vir U verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, toe ek kunstig geweef is in die dieptes van die aarde.”

Mag ons as ouers dit prioritiseer om die wonder van ons kinders se menswees te koester, hulle uniekheid te vier en hulle help om hulle skeppingsdoel te verstaan en te leef. So kan ons verseker dat ons kinders nie net groei nie, maar ook ***Blom vir Hom*****.**


Tjokkies
Musiekaand
Klank
en
Kleur
SEPT 11 2024
18H30
Tjokkies Skoolsaal
R50pp
Kaartjies beskikbaar op Karri.
Pak jou piekniekmandjie en kom geniet die
aand saam met ons!




Senior Primêr


VERKOEL/VRIES JOU
VLEIS TERWYL JY JAG
ONTSPAN
DIE VLEIS VRIES AL
VRIES WAENTJIE TE HUUR VIR WILD JAGTOGTE, FUNKSIES, SKOOLBYEENKOMSTE, ENS.
VIR MEER BESONDERHEDE
072 724 3156
BLOEMFONTEIN AREA - 072 724 3156



Sedert '59 - 65 jaar vieringe
Vlam vat
BRENDAN
PEYPER
GROOT OPELUGSOKKIE
14 SEPTEMBER '24
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SPORTTERREIN
HEKKE OPEN 16:00
VOLWASSENES: R180
SKOOLKINDERS: R120
VOORSKOOL: GRATIS
Kaartjies beskikbaar by
Quicket
QUICK ONLINE TICKETS
#TROTSJF
KOM GENIET EN ONTSPAN.
'N AAND MET MUSIEK,
KONKAVURE,
BLÊRKAS VOORAF,
KOS TE KOOP,
SNOEPIE,
SOKKIE,
EIE BRAAIVLEIS EN VERVERSINGS -
VURE WORD VOORSIEN
Kontak: Louisa Kotzè
by 0823750031


Wees Lig
Kinderproduksie
Datum: 27 en 28 September 2024
Tyd: 10:00
Plek: AGS Siloam, Westphall St 34, Universitas, Bloemfontein
Prys: R50 - volwassenes
R30 - kinders
Kinders 3 jaar en jonger kyk gratis.
Siloam
PROPVOL LEWE


Checkers
HIER
KOM ’N
LEKKER
DING